

HOOFSTUK V

Enkele grondstellinge oor gesag as die fundamentele faktor by die opvoeding.

1. Inleiding:

Volgens hierdie beskouing is die opvoeding 'n sosiale proses: 'n opvoedingsproses. Elkeen van die verskillende samelewingsvorme het 'n pedagogiese aspek. Meer nog, orals waar mense saam leef in groepe, werk hulle saam¹⁾. Samewerking is onmisbaar, soos reeds tevore aangetoon.

By die proses van samewerking in die opvoeding het ons spesifiek te make met 'n proses van wisselwerking tussen opvoeder en opvoedeling. Dit is 'n opvoedkundige grondstelling.

In die verhouding opvoeder-opvoedeling gee sommige mense leiding aan ander mense. Hierdie verhouding is die twee pole van die hele opvoeding, en 'n grondstelling van die ^oopvoedkunde is nou dat geen mens leiding aan ander mense kan gee sonder die faktor van gesag nie.

Uit die leiding wat die mens ontvang, leer hy. Hy doen kennis van die een of ander soort op. Die mens wat leer, word onderrig - dis deel van die opvoeding. Tereg word die bewering ook gemaak dat die hele lewe 'n leerskool genoem kan word.

Dit is egter nie slegs 'n bewering nie maar dit rus op 'n grondtrek in die menslike natuur.

Van besondere belang vir die wordende persoonsroeping in die leerskool van die lewe is die leerproses van die vroeë kinder- en jeugjare. Of soos Gesell en Ilg dit uitdruk: „It is highly desirable that each individual, from birth, shall have the opportunity and guidance whereby he may approach his maximum in growth and development as a personality

1) Vgl. Du Preez in Onderwysblad, p. 109.

... the child's personality is a product of slow and natural growth ... all his abilities, even his morals, are subject to the laws of growth" 1).

Op grond van die voorgaande kan ons sê dat die hele lewe vol opvoeders is: die ouers, die onderwysers, predikante, ouderlinge, winkeliers, verkeersbeamptes, polisie, landdroste, bure, politici ens. Hierdie persone is almal gesagsdraers op grond van hulle verskillende ampte en roeping in hulle onderskeie lewenskringe.

In hierdie verskeidenheid van lewenskringe en amptelike gesag gee elkeen leiding aan mense volgens die aard, wese en bestemming van sy taak en roeping.

Aangesien hierdie verskeidenheid 'n grondstelling is, moet ons 'n nadere indeling maak van gesag. Ons beperk ons in hierdie verband o.a. tot verbandsgesag, maatskaplike gesag of leierskap.

„Inherent en eie aan die wese van gesag is die element om aan andere iets op te dra, voor te skryf in woord, voorbeeld en gedrag, wat dus in 'n bepaalde vorm van gedragswyse tot openbaring kom. In gesag is daar altyd die element van mag" 2).

Die mag waaroor 'n gesagsdraer beskik^{is} sy eie aanvaarding van en oriëntering met betrekking tot die interpretasie van gesag en mag uit welke bron hierdie bevoegdheid ook al mag voortspruit. Die gesagsleiding maak gebruik van dwingende mag, hy beroep hom op hierdie mag sodat daar uitvoering aan gegee kan word. Meer nog: dit moet in verantwoordelikheid gedra, verdraagbaar en verdraagsaam gemaak word.

Die samelewingsorde waarin ons leef is 'n normatiewe orde. Dit bestaan uit gemeenskaps- en maatskapsvorme wat

1) Gesell, Arnold en Ilg, Frances: Child Development, pp. 34, 48.

2) Van der Walt: Ongepubliseerde Proefskrif, p. 540.

elkeen beskik oor sy eie bestemmingsfunksie en roeping.

Aan hierdie funksies kan uitvoering gegee word in die vorm van gesinsgesag, skoolgesag, kerkgesag, staatsgesag, bedryfsgesag, verenigingsgesag, sportgesag, maatskaplike gesag ens.

Elke vorm van gesag het sy eiesoortige struktuur, wat die gesagsdraer volgens die struktuurnorm 'n taak en roeping vir die onderskeie samelewingsvorme oplê.

'n Verdere onderskeiding uit die vorige word gemaak. By die konstante samelewingsvorme vind ons amptelike gesag. Outoriteit is inherent begrepe by die amptelike roeping.

Dr. Van der Walt presiseer amptelike gesag as spesifieke gesag by spesifieke leiding, terwyl by die maatskaplike verhouding die gesag nie voortspruit uit die bekleding van die deur bewuste en natuurlike organisasie van die tot stand gekome gesagsamp nie.

In die laasgenoemde geval, d.i. by die maatskaplike verhoudinge, beskik die gesagsdraer oor bepaalde persoonlike eienskappe wat hom die outoriteit gee tot die oplê van norme, omdat die gesagsleiding wat hy gee op 'n bepaalde lewensterrein, byvoorbeeld wetenskaplike studie, deur andere aanvaar word.

Hierdie vorm van gesag noem ons liever leierskap, d.i. wetenskaplike gesag en sy korrelasie met wetenskaplike leiding.

Die wesentlike uit hierdie grondstelling spruit voort uit die feit dat amptelike gesag institutionêre gesag is. Leierskap weer ontwikkel uit die leiding wat deur die beste mense in die lewe gegee word, wat dan deur die mensemenigte nagevolg word.

Beide die institutionêre gesag en leierskapsgesag is noodsaaklik vir 'n samelewingsorde. Beide vorme van gesag vul mekaar aan.

Gesagsleiding op die opvoedkundige lewensterrein vereis die ^{besondere} gesonde aanleg en studie van die hele terrein van die

Opvoedkunde om uitvoering te kan gee aan die normekomplekse wat elke mens en samelewingsvorm deurkruis. Die gesagsleiding van 'n persoon in die gemeenskaps- en maatskapsvorme is afhanklik van die verantwoordelikheds- en normbesef waardeur elke persoon se lewe gelei en gerig word: hier en nou.

By hierdie inleiding kan ons nie nalaat nie om te wys op:

2. Enkele grondstellinge wat voortspruit uit sekere faktore wat verantwoordelik is vir die veranderde houding teenoor gesag:

i. As gevolg van wisselinge en skommelinge van regerings ^{Lydens en na} a.g.v. die Tweede Wêreldoorlog het die opvoeding van die kind en die jongmens skade gely. Ook politieke en bevolkingsverskuiwings het 'n nadelige uitwerking op die opvoeding gehad.

Die gevolg hiervan is 'n krisis op die terrein van lewenswaardes, bv. op die gebied van die godsdienste, die naaste-liefdeverhoudinge, die harmonie, die gesag, ekonomie, kultuur ens.

Die wese van hierdie veranderde lewenshouding van die mens in die huidige tyd moet gesoek word in die onsekerheid wat tans nog heers as gevolg van die senu- en koue oorloë, die gejaagdheid, rewolusies en die sug na die materiële vir bestaansekerheid.

ii. 'n Volgende grondstelling in hierdie verband is dat tyd en afstand vandag nie meer van mekaar te skei is nie. Die verste uithoeke van die aarde kan feitlik in 'n dagreis bereik word. Die jongmense kom in kontak met lewensvreemde omstandighede, tradisies en met die wondere van televisie en ander tegnologiese uitvindinge. Al hierdie sake beïnvloed en vorm die jeug se gedragswyse, en dit lei tot disharmonie in hulle onderlinge liefdesverhoudinge met hulle ouers. Die primêre bindinge, emosies en deugde, word aangetas. Die jongmense vervreem en vereensaam tussen hulle bloedeie mense. Die gevolg is hulle voel hulle gebind aan niks met niks. Röpke

noem hulle "the lost nomads ... these individual grains of sand are now being wafted haphazard and mechanically into heaps ... the masses ..." 1).

Dit is moeilik om 'n moontlike voorspelling van die jeug se gedragswyse te kan maak, omdat gesag en tradisie in menige sosiale situasie tot jeugopstand en disharmonie lei. Die trek na die stede en die verstedelikingsproses dra hier-toe nie in 'n geringe mate nie by.

iii. Vervolgens moet ook die feit genoem word dat menige persoon in 'n outoritêre gesagsposisie afstand doen van sy verantwoordelikhede. Hierdie neiging word waargeneem op alle lewensterreine: by ouers, skoolhoofde en onderwysers, by kerklike amptenare, sakebestuurders ens. Alles werk oor die algemeen mee tot die ondermyning van gesag en dissipline, wat afbreuk doen aan die struktuurnormekomplekse.

Uit die kwessie van gesag vloei voort die ondersoek van die beginsel van soewereiniteit in eie kring van norm en gesag: wat die taak en roeping van die onderskeie gesagsdraers is om die samelewingsorde te handhaaf en te verseker. Vervolgens let ons op:

3. Enkele grondstellinge t.o.v. gesag in die huisgesin.

i. Na aanleiding van definisies en omskrywinge wat tevore reeds gegee is, wys ons daarop dat om die hoogste roeping van die onderlinge liefdesverhoudinge tussen ouers en kinders te verwesenlik en te verwerklik, die gesagstruktuur in die huisgesin 'n driërlei liefdesgesagsverhouding moet wees:

- a. tussen ouers onderling,
- b. tussen ouers en kinders en
- c. tussen kinders onderling om uitvoering te kan gee

1) Röpke: Civitas Humana, pp. 132, 133.

aan die struktuurnorm van die huisgesin.

ii. Die liefdesgesagsleiding kom in die huisgesin tot openbaring in die samehangende huislike aspekte waarin die kinders die godsdienstige en die kulturele lewensfunksies moet vervul. Hierdie funksies dra by tot die vorming en ontwikkeling van die toekomstige gesinslid, kerklidmaat, burger en leerling. Hiermee is ook gesê wat Cooley bedoel met sy: „the family is the cradle of personality“¹⁾.

iii. Die liefdesgesagsleiding hou ook die volgende in: „die geleidelike vorming van gesonde gesinsbindinge en -ankers wat innerlike sekuriteit, stabiliteit en bestendigheid van die kind verseker onder die norm van ouerliefde, wat die onontbeerlike voorwaarde vir die geleidelike diensbaarmaking aan die samelewingsverhoudinge is“²⁾. Anders gestel, onder die liefdesgesagsleiding van die ouers word uitvoering gegee aan die liefdesnorm tot die realisering van die interne doelstelling en die eksterne doelordening van die gesinsverhoudinge.

iv. Dis ook gepas om in hierdie verband die volgende woorde aan te haal: „The home is the first training ground of character, both individual and social. It sets the first examples. It gives the first teaching. It is the first little community. Here justice- and injustice - are experienced for the first time. Here is authority and the rule of law. Here is the first pattern of social conventions, one family very much like another, but with its own important eccentricities and variations. The family, like society at large, shapes its members and is shaped by them

1) Cooley: Social Organization, Hoofstuk III.

2) Van der Walt: Ongepubliseerde Proefskrif, p. 546.

It shelters their period of growth ... Parents love their children and love them the more because of the dangers and difficulties they see all round them ... This love only parents can give ... Only mothers and fathers can give the love and understanding that enables their children to grow harmoniously, and, as they grow, to display more and more that part of their natures that was made to praise God, to speak the truth, to love the best when they see it, and to help their fellow human beings" 1).

Uit hierdie aangehaalde woorde blyk die gesonde rigtende invloed van die ouerlike liefdesgesagsleiding op die bestending van die verhouding en binding van die kinders tot hulle ouers en van die kinders onderling. Maar ook na buite ten opsigte van hulle vriendekeuse, vriendskapsgroepe, kinderspel, die intieme geborge sfeer van die gesin en vryetydsbesteding 2) word hierdie bindinge en verhoudinge versterk.

Bogaande is 'n beskouing oor die positiewe liefdesgesagsleiding van ouers by die opvoeding van hulle kinders. Daar is egter ook die negatiewe uitwerking van die liefdesgesagsleiding van die ouers ten opsigte van hulle kinderopvoeding wat bestry moet word.

vi. Ons verwys in hierdie verband slegs na enkele grondstellinge wat ook inbegrepe is by die Doopbelofte wat afgelê is: "... we are willing to take endless trouble to make a guest feel at home, to avoid hurting the feelings of a grown up member of the family, or to extend the right expressions of sympathy ... we are too often ready to let children endure all these things without the slightest understanding or help from us ... We demand expressions of

1) Citizens Growing up at Home, in School and After, pp. 7, 8.

2) Vgl. Rose: Sociology, p. 65-66, vir kindergewoontes; Id., p. 167, vir die duursame gesinsverhoudinge. Id., p. 169, vir die onderlinge verhoudinge tussen broers en susters.

politeness from the child that we never offer him. We expect him to love us best, ... without doing anything to win his affection ... we ask him annoying questions ... we talk about him in front of him ... We quarrel in front of him ..." ¹⁾ ens.

Hierdie onverantwoordelikheid van die ouers jeens hulle kinders word gemanifesteer in 'n geleidelike vervreemdingsproses in die gesin, en dít lei tot onbestendigheid en onsekuriteit. Hierdie en ook ander faktore verbreek geleidelik die gesinsbindinge en gesinsankers, wat op 'n losbreek en losskeur van hierdie primêre groep dui. Dit wat die basis vorm vir 'n samelewingsorde en waartoe die kind en die groep 'n vormende en instandhoudende bydrae moet lewer, word vernietig.

Gesonde gesinsopvoeding onder die leiding en liefdesgesag van die ouers het ten doel om die proses van geleidelike integrasie van die wordende persoonlikheid van die kind en die samelewing en die kultuur vir 'n persoonsroeping te bewerkstellig; verder ook om die persoonlike individualiteit en die uiteindelijke integriteit te bewaar en te handhaaf te midde van andere in 'n bepaalde samelewing, maar ook te midde van die mensheid, d.w.s. om gesonde tussenmenslike verhoudinge en gedragswyses te skep.

4. Enkele grondstellinge i.v.m. die gesag van die kerk as sigbare samelewingsvorm.

Reeds tevore is definisies en omskrywinge van die kerk as sigbare samelewingsvorm gegee.

i. Die kwalifiserende funksie van die kerk is geloof en liefde op die grondslag van die swaardmag van die Woord van God, wat na alle kante toe sny. Hierdie swaardmag

1) Citizens Growing Up, p. 9.

van Gods Woord is alleen te verstaan as geloofsmag, omdat die normatiewe funksie van die kerk sy stempel afdruk op die struktuurfunksies.

ii. Die kerk is geloofsgemeenskap, dit doen 'n beroep op menseharte deur die verkondiging en deur die toepassing van sanksies soos deur die kerk vasgelê. 'n Grondstelling in hierdie verband is dat die tug wat die kerk handhaaf, gegrond is op die enigste Outoriteit en Gesag waarmee die kerk na binne en na buite op alle aspekte en terreine van die lewe optree.

iii. Op grond van die norm en gesag van die kerk behoort en moet die mens orals en te alle tye reformerend optree, want Christus en Sy Woord is die basis vir die kerklike amptgesag wat geen grense of beperkinge het nie. Die Woord van God streef inderdaad Geestelike wêreldheerskappy na.

iv. Om hierdie roeping van die Woord ten uitvoer te bring in menseharte, gebied die Woord die instelling van die kerklike ampte: die leraarsamp, die regerings- en die diakonale ampte. Hierdie amptenare is die gesagsdraers in die naam van God, die Vader en die Seun as verlosser, om die verlossing deur die werkinge van die Heilige Gees in die menseharte te bewerkstellig.

v. Die geloofsleiding wat die kerk aan die mens gee deur die ampte as instrument in die hand van God, is 'n beroep op menseharte d.m.v. kategetiese onderwys, die openbare erediens en die huisbesoek. Hierdie geloofskennis is geloofs-onderrig in die kerk en het 'n kerklik-konfessionele karakter.

vi. Die roepingsbesef dwing die ouers om hulle kinders op te voed in die kennis en vrese van die naam van die Here, en dié opvoeding neem in die gesinsopvoeding 'n aanvang.

Die geloofsgemeenskap en barmhartigheidsdiens kom tot

openbaring in ons naasteliefdeverhoudinge.

vii. 'n Laaste grondstelling waarop ons wys, is die handhawing van die beginsel van soewereiniteit in eie kring van die kerk. Van kerklike oorkoepeling kan daar dus geen sprake wees nie. So ook kan geen mens in sy tydelike liefdesverhoudinge in die kerkgemeenskap opgaan nie.

Ten besluite lê die wese van alle grondstellinge van die sigbare kerk as geloofsgemeenskap by die geloofsleiding opgesluit in die samevatting van die Tien Gebooe: die Wet en die Profete.

5. Enkele grondstellinge i.v.m. die gesag van die staat.

Ons volstaan met die definisie en omskrywing van die staat as regsgemeenskap op die grondslag van die swaardmag, soos tevore uiteengesit.

i. Die owerheid of regering verseker die openbare samelewingsorde in 'n bepaalde staat d.m.v. wetgewing. Hierdie wetgewing verseker die regsverhoudinge, sodat harmonie kan heers deur verdraagsaamheid en verdraagbaarheid.

Die kwalifiserende funksie van die staat nl. reg en mag is dieselfde as sy bestemmingsfunksie. Hierdie waarheid geld net van die staat en van geen ander samelewingsvorm nie.

ii. Die gesag van die staat is 'n dwingende mag. Die regsgesag maak voorsiening vir die betrokke verantwoordelike amptenaar om met die nodige gesag op te tree.

iii. Die staatsgesag in Suid-Afrika bestaan uit die funksies van die wetgewende, uitvoerende en regterlike departemente, elkeen met sy gesagsdraers in juridiese sin. Hiernaas vind ons in Suid-Afrika ook nog provinsiale owerhede, wat egter geskakel is met die sentrale of Uniale regering.

iv. Die staatsgesag kom tot openbaring in publiek-

regterlike funksies. In sy wese neem die staatsgesagsleiding 'n aanvang in die gesinsopvoeding, wat die basis lê vir die eerbied en respekke vir ouers, vir 'n owerheid en vir almal wat oor jou aangestel is.

v. Samevattend kan gesê word die staatsgesag ken sy eie grense en die beginsel van soewereiniteit en roeping in eie kring word gehandhaaf. Hoewel die gesagsleiding van die staat gesien as onderwys en opvoeding baie beperk is, bestaan daar 'n gesonde verhouding tussen die staat, die huisgesin, die kerk, die skool, die bedryf ens. Staatskole word van die hand gewys, omdat die skool dan 'n gesagsdraer van 'n staats-ideologie is. Hierteenoor aanvaar ons staatsondersteunde skole. Die volgende aanhaling staaf die vorige bewering: „The content of civics and political science provides opportunities for developing an intelligent understanding of national and international problems, as well as more locally oriented problems and civic responsibilities. Citizen is a citizen whether he be six months old or eighty years of age. Young citizens, before reaching the high school, may, and should have, many opportunities to practice good citizenship. Their understanding of the structure and operation of government at this time may be limited. They lack the maturity of experience or understanding for political science to become a very clear reality ...” 1).

6. Enkele grondstellinge i.v.m. gesag in die skool.

Aan die sosiologiese analise van die skool, wat as sekondêre samelewingsvorm gekwalifiseer word deur 'n analitiese en estetiese interpretasie van die skoolonderwys en opvoeding, word nie verder aandag bestee nie, omdat dit tevore reeds behandel is.

1) Moore en Cole: Sociology in Educational Practice, p. 352.

i. Ook in die skool aanvaar ons die beginsel van soewereiniteit in eie kring en die universaliteit in eie kring ¹⁾.

Die skool het tot taak en roeping om daardie deel van die intellektuele opvoeding van die kinders na te kom waarvan die ouers by die instelling van die skool afstand gedoen het.

ii. Hiervolgens word die fundamentele faktor van gesag by die onderwys wat die skool gee betrek. Die onderwysers gee opsetlik en bewustelike leiding aan die kinders. Hierdie leiding staan slegs in verband met daardie soort van kennis wat die ouers nie aan hulle kinders kan meedeel nie. Die skool dra hierdie kennis aan die kinders oor volgens sy bestemming en funderingsfunksie, met sy eie middele, nl. die laerskoolleergange.

iii. Die skoolonderwys behels nie net die noodsaaklike kennis nie, maar ook die geleidelike bekwaam maak van die kind in die vaardighede en kundighede wat nodig is vir die wordende persoonsroeping. Die skoolonderwys en opvoeding vra egter ook samewerking van veral die huisgesin, maar ook dié van die kerk en staat.

Hierdie samewerking is verstaanbaar op grond van die beginsel van soewereiniteit in eie kring, newegeskiktheid, wisselwerking en vervlegting van die onderskeie samelewingsvorme.

By die stigting van die skool het die ouers ook daardie deel van hulle gesag wat saamhang met die intellektuele opvoeding van hulle kinders oorgedra aan die skool. Die skool is dus 'n plaasvervangende opvoedingsinstelling en gesagsorgaan. Dit bring mee dat die ouers nie sal ingryp in die interne aard van die skoolgesag en -norm nie. Die ouers erken bewustelik die skool se gesag wanneer hulle hul kinders by die skool laat inskrywe.

1) Vgl. Coetzee: „Kerk en Skool” in Onderwysblad, 1 April 1952, p. 1.

Anders gestel: „(Die ouers) het hul reg en mag aan die plaasvervangers, die onderwysers, oorgedra, maar hulle het eintlik naas die huis 'n ander instelling gestig, die skool. Die onderwysers besit 'n opdrag van die ouers deur reg en mag van opvoeding van die kind in kennis en vaardigheid. Die reg hou in dat hulle 'n selfstandigheid ontvang. „Dit reël die reg van die skool teenoor die reg van die huis" 1).

Ons sien die skool dus as 'n gesagsorgaan, sodat ons praat van skoolgesag, waarvan die onderwysers die gesagsdraers is.

Vervolgens let ons op 'n paar grondstellinge:

Elemente van die amptelike gesag van die skool.

a) Die amptelike gesag van die onderwyser het tot basis 'n verantwoordelike normbesef en roepingsbewustheid. Dit sluit in o.a. dat die aanstaande onderwyser by keuring die regte gesindheid, begeerte, aanleg en talent vir hierdie besondere roeping moet openbaar.

i) Saam met hierdie innerlike eienskappe moet die aanstaande onderwyser by die „volmaking" van sy lewenstoerusting die akademiese en professionele of net professionele onderwys ontvang. Vanselfsprekend is 'n grondstelling hier dat die lewens- en wêreldbeskouing die opvoedingsbeskouing bepaal en tot openbaring kom in 'n bepaalde onderwysstelsel. In die opvoedingsproses het ons te make met 'n mens- en kindbeskouing, met 'n doelstelling, 'n inhoud van die leerstof, 'n metode en tug, en 'n administrasie en organisasie.

Die gesag van die onderwyser berus op die wetenskaplike en professionele leiding wat hy kan gee omdat hy 'n wetenskaplike en professionele vorming en oriëntering ondergaan het.

1) Coetzee, J.C., in Onderwysblad, 1 Junie 1956, p. 89.

ii) Die individuele onderwyser beskik oor vryheid, vryheid wat 'n roepingsbewustheid meebring. Inderdaad word die onderwyser binne en buite die skool voortdurend gelei en gerig deur sy persoonlike verantwoordelikeids- en normbesef en deur die wyse waarop hy die kind as mens en die samelewing en die kultuur as 'n onverbreeklike drie-eenheid in sy roeping sien.

Die onderwyser sal nooit toelaat dat kinders hom voorsê ten opsigte van die gesagsleiding en -verantwoordelikheid waaroor hy in die skool beskik nie. Wat wel waar is, is dat die persoonlike verhouding onderwyser-kind in die proses van sosiale wisselwerking by die wordende persoonsroeping van die kind nooit uit die oog verloor sal word nie.

iii) Die vryheid van die kind in sy aktiwiteite is onderhewig aan die tug en dissipline wat voortspruit uit die persoonlikheid van die onderwyser as gesagsdraer by die uitvoering en aanbieding van die leerstof. Hier word in gedagte gehou dat die skool sowel besinnings- as aanskouingsinstituut is. Die vryheid van die kind sluit nie die geleidelike inskerping uit van gebondenheid aan alle ander gesagsinstansies en gesagsdraers in ooreenstemming met die Vyfde Gebod nie.

Die goeie voorbeeld van die onderwyser is 'n mag wat invloed uitoefen en nagevolg moet word in die toepassing van reg en geregtigheid in die skool, ja, ook soos die kind reg en geregtigheid sien, vertolk, en ervaar in die optrede van die onderwyser teenoor ander kinders.

Die wese van vryheid is gebondenheid en onderworpenheid aan die Godgegewe wette en norme wat waar gemaak en gehandhaaf moet word in die denke, doen en woorde van en onderwyser en kind en almal in die menslike samelewing.

v) Kontrole van die onderwyser in sy klaskamer bestaan daarin dat hy die reëls en regulasies neerlê vir die hulp wat die kinders in sekere sosiale situasies aan hom bied, bv.

die afstof van meubels, die opneem en uitgee van boeke, potlode ens.

vi) Die samewerking van 'n onderwyser met sy skoolhoof is absoluut noodsaaklik in die strewe na uniformiteit in dié bereiking van 'n gemeenskaplike doelstelling vir die uitvoering van sy taak en roeping. Hierdie vorm van samewerking vereis deugde soos lojaliteit, getrouheid, stiptelikheid, verantwoordelikheid, netheid, ywer ens. by die nakoming van die binneskoolse sowel as buiteskoolse aktiwiteite en pligte. As die hoof eerbied van sy personeel verlang, moet hy van sy kant ook die nodige eerbied aan sy onderwysers betoon — d.w.s.: „practice what you preach“.

b) Die gesag van die skoolhoof berus op onderwyservaring en onderwysrypheid en al die sake wat voortvloei uit 'n Christelike en Nasionale lewens- en wêreldbeskouing wat uit ons eie Suid-Afrikaanse geskiedenis gegroei en ontwikkel het.

Dit is eienskappe wat 'n skoolkomitee, skoolraad en beherende liggaam as verteenwoordigers van die ouers in die bekwame en bevoegde skoolhoof verenig wil sien.

Uit hierdie lewenshouding op die opvoedkundige lewens-terrein spruit voort die gesonde leiding en leierskap in die persoon van die skoolhoof.

Die vertroue van die skoolouers word versterk en bevestig deurdat so 'n persoon van owerheidsweë erkenning van sy dienste ontvang deur die aanstelling in so 'n verantwoordelike amp.

'n Verdere grondstelling lê opgesluit in die gesagsposisie van 'n skoolhoof, met sy talle verantwoordelikhede ten opsigte van die interne en eksterne sake wat i.v.m. die skoolonderwys en opvoeding staan. Ons noem o.a. die volgende:

i. Die ouergesag wat aan die skool oorgedra is, is in die persoon van die skoolhoof gekonsentreer.

ii. Die skoolhoof dra die gesag van die hele skool: van onderwysers en kinders en van die skoolouers, wat hulle gesag aan die skool oorgedra het.

iii. Die Provinsiale Onderwysdepartement se gesag is aan die skoolhoof via die Provinsiale Sekretaris van Onderwys d.m.v. die kringinspekteur gedelegeer, sodat die hoof uitvoering kan gee aan 'n bepaalde onderwysbeleid.

iv. Die gesagsleiding van 'n skoolhoof is o.a. organisatories en administratief van aard. Die hoof word meestal geleid deur 'n „Handboek van Instruksies“¹⁾, opgestel vir skoolhoofde.

v. Die skoolhoof vorm die skakel tussen die skool en die verteenwoordigers van die ouers van 'n bepaalde skoolvoedingsgebied, sodat reg geskied aan die demokratiese beginsel van die medeseggenskap wat die ouers moet hê in die onderwys en opvoeding van hulle kinders. Ek is van oordeel dat sake wat voortvloei uit hierdie gesonde demokratiese beginsel moet bly, bv. die gebruik dat skoolkommissies aanbevelings maak by die aanstelling van onderwysers.

vi. Ouerverantwoordelikhede t.o.v. die algemene welvaart van die skoolgaande jeug is ekstern van aard. Dis beperk tot geboue, terreine, gesellighede, oueraande ens.

Samevattend kan ons konstateer dat die skoolgesag in sy wese nie beperk is tot die ouergesag nie. Die skool hoort aan almal in 'n bepaalde gemeenskap en dus ock aan die onderwysers. Dit is eintlik die onderwysers se taak en roeping wat

1) Vgl. Taute, B.: Skoolhoof, Assistent en Professie. T.O.D.: Handboek van Instruksies vir die leiding van Skoolhoofde; Staatsdrukker, Pretoria, 1948.

binne die skool wag. Wat wel noodsaaklik is, is heelhartige samewerking van die ouers met die skool. In hierdie verband kan ons in Suid-Afrika veel van die administrasie en organisasie van die primêre skole van bv. Amerika leer.

c.) Enkele grondstellinge t.o.v. die gesag by die laerskool-
onderwyserskorps:

Die kwalifiserende funksie van laerskoolonderwyserskorps is die bevordering van Christelik Nasionale Onderwys en die opvoeding op die grondslag van Gods Woord. Hierdie funksie is te vinde in die diepste verborgenhede omtrent die oorsprong, wese en die bestemming van die mens, en dit kom tot openbaring in die aard van die onderwys soos reeds tevore aangetoon. Al die aspekte waarin die onderwyserskorps funksies het om te vervul, hang ten nouste met mekaar saam, en al dié funksies van die onderwys en opvoeding van die skool kulmineer uiteindelik in die geloofsinterpretasie van die kerk: alle onderwys, as deel van die kind se opvoeding, is 'n heenwys en 'n heenlei na Bo.

Die laerskoolonderwyserskorps dra ál die belange en behoeftes van die onderwyser en die skoolgaande jeug op die hart.

Die laerskoolonderwyserskorps besit die wetlike erkenning van 'n provinsiale owerheid in Suid-Afrika. Die onderwyserskorps in die laerskole van blanke Suid-Afrika en Suidwes-Afrika is dus 'n gesagsorgaan met gesagsleiding op onderwys- en opvoedkundige gebied.

Die gesagsleiding van hierdie orgaan, wat so vervleg is met die ander samelewingsvorme en lewenskringe, moet veel meer erkenning in die menslike samelewing geniet.

d. Slot:

Ek wil opnuut beklemtoon dat die grondstellinge i.v.m. die faktor van gesag by die opvoedingsproses fundamenteel van aard is. Met ons organiese opvatting van die opvoeding volgens die Calvinistiese lewens- en wêreldbeskouing, sluit ons aan by die volgende beskouing: „A social conscience, unsupported by religious conviction, has not always the strength to defend itself against organised evil. If homes and schools and society at large are without spiritual ideals, they are houses built on the sand and cannot be relied on to stand against the rising storm” 1).

Ten besluite haal ons dr. Van der Walt aan: „Gesag, dissipline en veral selftug, is onafskeidbaar aan mekaar verbonde en ineenverweef in ons beskouing oor die opvoeding en onderwys” 2).

1) Citizens Growing Up, p. 11.

2) Van der Walt: Ongepubliseerde Proefskrif, p. 575.